NOTULE VAN BOLAND ROLBAL VERGADERING GEHOU OP VRYDAG, 19 JANUARIE TE WORCESTER ROLBALKLUB

1. OPENING

Stoffel Lambrechts open die vergadering met gebed en verwelkom die lede teenwoordig.

2. TEENWOORDIG

Stoffel Lambrechts - President
Mark Beviss-Challinor – Vise-president
Ena Linde – Sekretaris
Joggie Snyman - Tesourier
Engela Lambrechts - Wedstrydsekretaris
Theuns Coetzee – Ledewerwing en Bemarking
Rosa Cloete – President Overberg
Lesley Beviss-Challinor – President Winelands
Annette van der Sandt – staan in vir Leon Meyer
Lorna Viljoen – President: Worcester Rolbalklub
Pieter Linde - Sameroeper Tegniese Beamptes

2.1 VERSKONINGS

Leon Meyer – President Weskus subdistrik

3. BYKOMENDE ITEMS

3.1 Open Men 2018 Inter-district Team Selection

The selectors were remiss when they selected the players of the Open Men's side and as a consequence the Boland Executive reversed the decision taken by the selectors. Mark proposed that a vote of no confidence in the selectors be adopted by the Executive. As not all the selectors were happy with the decision to move Mark to the B team, it was felt that it would be unfair to adopt such a vote of no confidence. Stoffel voiced the opinion that no further action should be taken and that the matter should be put to rest. Mark expressed his unhappiness with the appointed team manager for the A-side and it was decided that Stoffel Lambrechts and Mark Beviss-Challinor would act as managers of the Men's A-side.

3.2 M & M Visit

Anina Black from BSA has requested that she be invited to attend a Boland Executive meeting and it was decided that the meeting of 16 June 2018 would best suit her as this meeting is scheduled to be held on a Saturday. The secretary will make the necessary arrangements with Anina. **Ena**

3.3 Klerebestellings

Spanbestuurders moet verseker dat die nodige klerasie bestel word vir nuwe ID-spelers.

3.4 Sakeliga

Theuns sal eersdaags die nodige reëlings vir die Sakeliga-finaal deurstuur. **Theuns**

4. GOEDKEURING VAN NOTULE

Die Notule van 07 Oktober 2017 word goedgekeur met twee korreksies van tikfoute. Voorgestel: Rosa Cloete, gesekondeer Pieter Linde.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE VAN 07 OKTOBER 2017.

5.1 All Cape – Eden Winsdeling

Aangesien daar geen terugvoering van Eden was ten opsigte van bedrag verskuldig aan Boland as nie-gasheer distrik nie, sal die sekretaris weer navraag doen. **Ena**

5.2 Toernooi in Boland

In opvolging van Eden, OP en Grens wat Boland se aansoek om die All Cape aan te bied afgekeur het, het Stoffel ‘n raming opgestel wat toon dat indien ons ‘n “All Cape Boland Classic” Toernooi sou aanbied ons waarskynlik ‘n inskrywing van 90 spanne van WP, 20 van Eden en Noordkaap saam en 70 spanne van Boland kan verwag. Hierdie geskatte totaal van 180 spanne kan 12 seksies vir mans en 6 seksies vir dames verseker en sal vanaf 01-05 Augustus (dames) en 08-12 Augustus (mans) aangebied word. Die seksies sal tussen Wynland en Overberg klubs verdeel word en spanne kan hulle voorkeur by inskrywing aandui. Die beamptes by klubs, perkemeesters, tegniese beamptes en toeskouers by klubs, tesame met die geskatte 720 spelers sou beteken dat meer as 1 000 mense betrokke sal wees gedurende die toernooi.

Die inskrywingsfooi sal R600 per span beloop, en tesame met die ondersteuning van borge, kan ‘n bedrag van R84 000 as totale prysgeld gewaarborg word indien 150 spanne inskryf. Die uitnodigings sal uitspel dat die toernooi slegs aangebied sal word indien 150 spanne inskryf.

Worcester sal die Hoofkwartier wees met Hermanus as sub-hoofkwartier en klubs sal tot op die vlak van die semi-finaal wedstryd in hulle area speel. Uitnodigings sal aan die einde van Februarie uitgestuur word met die sluitingsdatum 30 April 2018.

Die vergadering besluit dat daar voortgegaan sal word met die aanied van ‘n All Cape toernooi in die Boland.

Theuns noem dat hy moontlik by DCAS ‘n “Special Events” borgskap sal kan bekom.

5.3 Herwinde Balle

Theuns beklemtoon dat die klubs geduldig moet wees. Trevor Davis wys daarop dat die firma geen wins uit hierdie werk verdien nie en daarom kan daar nie druk op hulle geplaas word nie.

5.4 Registrasie van Sakeliga-spelers

Klubs moet Sakeliga-spelers registreer op die databasis van Rolbal SA. Indien hierdie spelers sekere inligting nie aan die klubs wil verskaf nie, moet slegs daardie inligting wat beskikbaar gestel word opgelaai word.

5.5 Sake voortspruitend uit die AJV van Rolbal SA

Ten opsigte van ‘n kontrak vir die 0/19; 0/20 en 0/25 spelers wat opgestel moet word, berig Theuns dat daar nog steeds gewag word op terugvoering van Eden. **Theuns**

5.6 Council Meetings in Sub-districts

Each sub-district should accept a proposal that Council meetings be held in each sub-district. The Constitution of each sub-district should reflect this change to the Constitution and this change to the Constitution should be approved at the Annual General Meeting. **Sub-districts**

5.7 Terugvoer Kuipers/Loeries; WP oefening; Constantia Flagday

Die Dames Kuipers het hulle afdeling gewen terwyl Eden die algehele wenners was. Die Bestuurder van die dames het genoem dat daar, na haar mening, te veel gekuier word en sy het haar bedenkinge uitgespreek oor die algemene dissipline. Die vergadering meen dat daar 'n kontrak met reëls opgestel kan word. Die WP-oefening en die Flag Day was suksesvol.

6. FINANSIES

6.1 Joggie noem dat geld uit die spelersfonds geleen is om die nodige besprekings vir die ID te doen. Die Finansiële Verslae wat vooraf deur die Tesourier aan die lede gestuur is, toon dat ons binne die begroting bly en die Verslae word deur die vergadering goedgekeur.
Die begroting vir die 0/15's en 0/19's in ingedien en toon daar is geen surplus of tekort nie. Die bestuur neem kennis hiervan.

6.2 Begroting 2018/2019

Die vergadering neem kennis dat die Tesourier 'n begroting sal opstel wat by die Maart-vergadering voorgelê sal word. Joggie word bedank vir sy werk. **Joggie**

7. LEDEWERWING EN BEMARKING

Attracting Business League Players

Ceres and Tulbagh play 2-Bowls Pairs once a week by pairing one Business League player with one club member.

Die belangrikheid om Sakeliga-spelers as voltydse lede van die klubs te werf word weer eens beklemtoon en elke poging en idee is waardevol. Boland behoort hier die inisiatief te neem.

Bestuur/sub-distrikte

8. WEDSTRYDSEKRETARIS

8.1 Bolandliga

Hierdie is 'n eerste poging om 'n Liga daar te stel en onsekerhede wat moontlik heers sal mettertyd uitgestryk word. Die inskrywings is as volg:

- **Overberg**
  Dames 10 spanne
  Mans 10 spanne

- **Weskus**
  Dames 8 spanne
  Mans 10 spanne

- **Wynland**
  Dames 12 spanne
  Mans 12 spanne
  B-Liga Mans 6 spanne

Die sub-distrikte word gevra vir enige voorstelle wat hulle sou wou opper. Wat is die mening oor die speel van tabs-in wanneer die Liga gespeel word? **Sub-distrikte**

8.2 Tendens tov Inskrywings

Die 2-Bal Enkels inskrywings het gedaal, ondanks die Senior inskrywings wat meer was. Die Mans Beginners het met 'n baie bevredigende 30 inskrywings toegeneem.

9. VERSLAE: SAMEROEPERS

9.1 Afrigters

'n Vlak 1 Afrigterskursus word beplan vir 24/25 Maart en 27/28 April te Robertson Rolbalklub. Sluitingsdatum vir aansoeke is 23 Februarie 2018. Die sekretaris sal die nodige dokumentasie aan klubs in die sub-distrikte deurstuur. **Stoffel/Ena**

Bowls SA het bevestig dat die wapens en sertifikate vir die 2017 Vlak 1 kursus gepos is.

9.1.2 Z Squads

Talentontwikkeling is die fokus by Bowls SA wat betref die Z-Squads. EZ-Squads se fokus is om te soek na toekomstige talent in Boland.

9.2 Tegniese beamptes

The question of a Markers Course to be presented in the Winelands was again raised and Pieter undertook to speak to Almarie du Toit about the urgent need for such a course. **Pieter**

9.3 Perkemeesters

9.3.1 Theuns Coetzee bevestig dat klubs wel dumpy levels kan huur maar dat daar ook firmas is wat nivellering ('levelling') van bane doen.

9.3.2 Staandekomiteelid vir Overberg

Alwyn Smit van L'Agulhas is aangewys as die Staandekomiteelid vir Perke vir die Overberg.

9.3.3 Daar word weer eens beklemtoon dat elke klub wat oor 'n dumpy level beskik 'n assessering van hulle perke moet doen en aan die Bestuur deurstuur. **Presidente: Sub-distrikte**

9.4 Disability Bowls

Lorna Viljoen skets kortweg die praktiese en logistieke probleme wat klubs asook spelers met gestremdhede ervaar om rolbal te beoefen. Sy wys daarop dat daar slegs twee spelers is wat aan Nationals sal kan deelneem.

10. VERSLAE: PRESIDENTE: SUB-DISTRIKTE

10.1 Weskus

Leon Meyer is afwesig as gevolg van die afsterwe van sy broer in Johannesburg. Leon se Verslag word deur Annette vd Sandt aan die vergadering voorgehou. Leon wys op onsekerhede omtrent die Boland Liga. Warwick sal weer die Warwick Senior Liga borg en die bestuur van hierdie Liga is deur die Weskus-bestuur oorgeneem. Permanente banke is by Velddrif gebou en daar is 'n moontlikheid dat tien jong werkers van PPC gewerf kan word as lede by Piketberg. **Leon**

10.2 Overberg

Verslag van Rosa Cloete hierby aangeheg. Die DCAS-aansoek vir die 2018/2019 finansiële jaar is ingestuur vir goedkeuring . Sy het navraag gedoen oor moontlike probleme by Caledon, en is verseker dat alles goed verloop by die klub. **Rosa**

10.3 Winelands

In the absence of a meeting since the last meeting that Stoffel attended when he gave feedback from the BSA Annual General Meeting, Lesley contacted the clubs via e-mail and apart from Franschhoek the response was positive. Alta Malherbe from Franschhoek felt that the because of the cost involved, it will probably not be possible to establish an artificial green. Lesley mentioned that clubs should look into the possibility of artificial greens especially in view of the present and future water situation. Although initial costs are high these greens will more than pay for themselves in the future.

Montagu has initiated an inter-club league which has proved to be very popular and enjoyed by all. This league has the added benefit of encouraging many Business League players to join in.

Lesley

11. KORRESPONDENSIE

11.1 BSA Omsendbriewe

Kennis geneem van Omsendbriewe 2017/59 – 2018/01.

11.2 Police Clearance – werk met kinders

Daar is voldoen aan die vereistes van die "Child Protection Act", en die saak is dus uitsorteer.

11.3 Omsendbrief 70/2017 "Drugfree Sport"

Die nodige "Compliance" vorms, en in sekere gevalle die TUE vorms vir al die ID-spelers en spanbestuurders is voltooi en op die databasis van Bowls SA gelaai.

11.4 Leen van Speler

Eden het 'n versoek gerig om een van Boland se spelers te leen vir die 0/20 Nationals in Bloemfontein in April. Bevestiging sal aan Jenny Sinclair van Eden gestuur word dat toestemming verleen word vir Tiaan Mostert om vir Eden te speel.

12. ALGEMEEN

12.1 Boland/WP Oefening

Die Boland/WP oefening op 11 Februarie sal waarskynlik by Somerset-Wes gespeel word. Spelers moet Boland-klere dra.

12.2 Registrasie NPO

Registrasie moet aanlyn deur elke klub in die drie sub-distrikte gedoen word.

Leon/Lesley/Rosa

13. VOLGENDE VERGADERING

Geskeduleer vir Vrydag, 23 Maart 2018 om 14:00.

_____ _____

PRESIDENT **SEKRETARIS**

_____

DATUM